

Sondag 11 Julie

Skrifgedeelte: Miga 1:1 – 2:9

Fokusgedeelte: Miga 1:2-5a

God is Regter oor almal – ook oor sy kinders!

Miga, 'n tydgenoot van Jesaja, val dadelik met die deur in die huis. Die Woord van die Here het tot hom (Miga) gekom. Miga dui dan ook dadelik God se karakter aan ons. Bo en behalwe sy verbondstrou en goedertierenheid, is God se regverdigheid hier duidelik sigbaar. In regverdigheid, nie net die heidene wat aangespreek word nie, maar baie duidelik en spesifiek, Israel – God se kinders. 'n Hofsaak is op hande. Die Regter is op pad. “God kom in die oordeel.” Op die oog af verdoemend, want elkeen wat in die hofsaal is, voel skuldig – is skuldig. Hierdie Regter se majesteit is so groot dat die berge smelt wanneer Hy verskyn. Een vir een word die aangeklaagdes aangespreek:

- Israel – die volk wat “voorkeurbehandeling” ontvang het en keer op keer God se genade verwerp het.
- Samaria – word oor hulle afgodery aangekla. 'n Oortreding van die eerste gebod.
- Lakis – wat hulle vertrou op hulle weermagte gestel het.
- Sakemanne – oneerlike besigheidsmense wat op oneerlike wyse geld uit ander mense maak.

So hoor ons maar elkeen ons eie naam in hierdie aanklagte waarop ons maar net “skuldig soos aangekla” kan antwoord, waar net vergifnis kan red.

Maar Goddank, die Regter is Jesus Christus ons Here. Aan die kruis word Hy die Aangeklaagde en neem Hy al ons oortredinge op Hom. Ons is van ons skuld vergewe en is van ons oordeel vrygespreek. Mag ons steeds, elke dag, verstom staan oor die genade wat ons onverdiend, elke dag, uit ons Here se hand ontvang.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (ou Skrifberyming 10)

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)